


## MPO Aanwyser 10/24 Augustus 2020

### KOSTE VAN KRAGVOER KELDER MARGES IN DIE PRIMÊRE SUIWELBEDRYF

Die grafiek hieronder illustreer duidelik die styging in die konsentraatgedeelte van die voerkoste (30% soja en 70% geelmielies) vanaf 2018 tot Julie 2020, gebaseer op SAFEX pryse. Die huidige vlak van veral die geelmielieprys word ondersteun deur uitvoerpariteit wat die verwagte effek van die groot mielie-oes neutraliseer. Melkkopers wat verwag het dat die groot mielie-oes goedkoop onverwerkte melk beskikbaar gaan stel, sal dus dringend moet herbesin.



Bron: JSE, Kommoditeitsafgeleides, 30% sojas en 70% geelmielies

Die onderstaande tabel toon die pryse van toekomskontrakte op SAFEX en dit is duidelik dat die huidige pryse vir die toekoms konstant bly en selfs verder styg. Markspelers verwag dus dat beide geelmielie- en sojapryse sterk ondersteuning gaan kry vanaf uitvoerpariteit en dat die pryse hoog gaan bly ten spyte van die groot oes. Onlangse graan invoere deur China het internasionale pryse gestut, en die voorskrif van die Chinese president bekend as die 'Skoonbord-veldtog' om voedselvermorsing teen te werk, het internasionale kommoditeitshandelaars die vraag laat vra of voedselsekureit in China onder druk is.

**Tabel 1:** SAFEX geelmielie- en sojakontrakte R/t soos op 21 Augustus 2020

Geelmielies		Sojas	
Aug 2020	2938	Aug 2020	7455
Sept 2020	2950	Sept 2020	7484
Okt 2020	2976	Des 2020	7518



Des 2020	3030	Maart 2021	7215
Maart 2021	3016	Mei 2021	6739
Mei 2021	2845		
Jul 2021	2825		

Bron: JSE, Kommoditeitsafgeleides

Die hoër graanpryse het dadelik die melk:voer-prysverhouding tot 1,3:1 afgedruk, wat vir die meeste melkplase beteken dat daar geen marge oorbly nie. Dit gaan onmiddellik die suiwelprodusent se vermoë om optimaal te produseer en om voordelige arbeids- en hulpbronnabewaringspraktyke toe te pas inhibeer.

Melk : voer tot prys-ratio



Bron: SAFEX en MPO-berekening

### Opsomming

In die vorige MPO Aanwyser (9) verlede week is daar volledig ontleed en aangedui dat daar voldoende marges laer af in die waardeketting teenwoordig is om ten minste die huidige produsentepryse te handhaaf. Helaas is daar reeds melkkopers wat pryse verlaag het en ander wat aangedui het dat hulle pryse einde Augustus gaan verlaag. Teen bogenoemde agtergrond en die feite soos weergegee in MPO Aanwyser 9, is daar eerder gronde vir 'n prysverhoging en nie 'n verlaging nie. Die MPO beplan om vandeeweke wye samesprekings te voer met melkkopers om die huidige toedrag van sake te bespreek. Die MPO is verbind om die debat rakende pryse in die waardeketting objektief en dinamies te beïnvloed gebaseer op werklike ekonomiese feite en in belang van die hele waardeketting. Ons sal dié benadering uitput voordat ons ander strukture nader.

**Bertus van Heerden, hoofekonoom, Melkprodusente-organisasie (MPO)**